NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 12 SEPTEMBER 2021

SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Baie van ons mense beleef tans 'n rouproses.

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Jakobus 3:1-12; Spreuke 1:20-33
Psalm 19; Markus 8:27-38

SONDAG, 12 SEPTEMBER	
	TOERUSTINGSONDAG BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE
09:30	Oggenddiens in die Kerk – Ds Chris Barnardo
09:30	Kinderkerk – Gr 4-6
	Deuroffer ten bate van Bediening aan die Jode
	Erediensspan 3 – Johan Norman
	Geen Aanddiens
18:00	Senior Kategese
MAANDAG, 13 SEPTEMBER	
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 14 SEPTEMBER	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 15 SEPTEMBER	
09:30	Vroue Bybelstudie
DONDERDAG, 16 SEPTEMBER	
09:30	Dienssentrum vir Seniors: Bingo & Broodjies in Kerksaal
15:00	Openbaring Bybelstudie
	Sopbeurte: Karien Botha, Wena Janse van Rensburg, Sybil Smit, Dotjie Steyn Elmari Schwenke-vd Walt, Maranda vd Merwe

VRYDAG, 17 SEPTEMBER
SATERDAG, 18 SEPTEMBER
SONDAG, 19 SEPTEMBER
SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD POSDAG 09:30 Oggenddiens in Kerk 09:30 Kinderkerk Gr 1-3 Deuroffer ten bate van Magdalenahuis Erediensspan 1 – Chris van Niekerk **Geen** Aanddiens 18:00 Senior Kategese

GEMEENTENUUS

1. Baie welkom aan die volgende persone wie se lidmaatskappe ontvang is:
   - Martie Myburgh vanaf Durbanville–Bergsig
   - Shaun van Zyl vanaf Sonstraal
2. Japie Maré (Mopaniesingel) vier die komende week sy 90ste verjaardag. Baie geluk!
3. Ria van Niekerk (Keurboomlaan), Riana Fick se ma, is oorlede.
4. Helene Cronje (Othello) is oorlede.
5. Kobus Bouwer (Annandalestraat) is in die hospitaal en ondergaan toetse.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

12/09 Lize Bartin, Marina Rogotta, Marco Olivier, Hester Badenhorst, Stephaan Burger
13/09 Hester Hill, Lize Smit, Cedric Pretorius
14/09 **Ds. Chris Barnardo**, Japie du Plooy, Leonore Everts, Jandré Gobregts, Joan van Schalkwyk, Willem Steenkamp, Brent Basson
15/09 Danny Williams, Japie Maré, Debbie Esterhuyse, Chris Brink, Lea Viljoen
16/09 Christene Moggee, Renisha Gourrah, Marthinus Gresse, Hanro Papenfus
17/09 Cobus Kruger, Heloïse Neethling
18/09 Sonja Barnard, Anita le Roux, Sonja du Plessis, Mattie Joubert, Natasja Kotze

FINALEJAARS

Finalejaarkatkisante word herinner aan die onderhoude wat Dinsdag- en Woensdagmiddag by Sangirostraat 23 plaasvind.

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:



3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Bediening aan die Jode

Bid asseblief vir me Cecilia Burger wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

Me Cecilia Burger | 083 232 0628 | simchaministry@gmail.com

NUUS UIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Tydens die kerkraadsvergadering van 1 September 2021 is die volgende lidmaat tot die kerkraad verkies:

- Hennie Rootman – Blokleier WSG 5

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: ***Bikkies kos (Vleis, Vis en Groente)***
Toiletware
Melk



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

KEN-JOU-KERK-EN-WEN 2021

September 2021 het aangebreek en so ook Blokke B en D se fondsinsameling vir ons gemeente. In Junie is daar vetkoeke verkoop, in Augustus `n boks vol groente en nou gaan blokke B en D sorg dat daar vleis in jou yskas/vrieskas is.

Al wat jy hier in die beginmaand van die Lente-seisoen moet doen is om jou algemene kennis van ons leraars en gemeente te toets teen `n klein inskrywingsfooi van R100. Jy kom dan in aanmerking om met een van die volgende pryse weg te stap.

`n Heel lam, halwe vark (twee pryse), 3kg pak boerewors (7 pryse) of `n heel hoender

Die inskrywingsvorms is beskikbaar by die blokleiers/wykleiers/dienswerkers of by die kerkkantoor sowel as op die webwerf www.ngkeike.co.za.

Daar is geen beperking op aantal inskrywings per individu nie en lidmate kan ook hul familie en vriende buite ons gemeente nader om in te skryf.

Sluitingsdatum is 4 Oktober 2021.

Pryswenners sal so gou moontlik na 4 Oktober 2021 bekend gemaak word.

(onthou pryse moet by die kerkkantoor afgehaal kan word)

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ons jaarlikse Tiendemaand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag, 31 Oktober.

Kyk vanaf 20 September uit vir jou koevertjie in jou posbus.

Jy kan benewens ’n bydrae per koevert, jou bydrae ook op ander maniere gee – daar sal ’n briefie met volledige besonderhede in jou koevert wees.

EHW SMIT-BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, behoeftige studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.

Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2021.

PREEKSKETS

TEMA - Is daar 'n wag voor jou mond?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Jakobus 3:1-12

1. Inleiding. Ek sien baie seer op mense se gesigte.... Ek sien en beleef hulle seer wanneer woorde verhoudings verpletter, breek en vernietig. Ek sien die skade wat veroorsaak word aan mense wat moet deurloop onder tonge sonder remme. Ek beleef die emosionele pyn by mense wanneer hierdie stukkie gereedskap, wat die Here vir ons gegee het dikwels totaal verkeerd gebruik word.

2. Die tong is 'n dodelike wapen wanneer dit in verkeerde hande beland. Hoekom is hierdie dodelike wapen in verkeerde hande dan so gevaarlik? Ek dink dis omdat hierdie tong my en jou gedagtewêreld uitspreek. Dit wat ons dink kry woorde. Is dit nie waar dat die tong eerder dinge oordra wat seermaak, as dinge wat vreugde en plesier verskaf nie?

3. Wat gaan ons hieraan doen? Kom ons kyk na dit waarvoor die tong gemaak is:

- Om die Here se **lof** te besing en **eer** aan Hom te bring.

- Om te **getuig.**

- Om ander te **bemoedig**

- Om ander te **komplimenteer.**

- Om die **waarheid** te praat.

- Om mooi **kwaliteite** van ander mense te besing

- Om i**ntegriteit** te bewys.

(Laat jou tong een van bogenoemde per dag uitspreek)

4. Slot. Om dit te doen het ons leiding nodig omrede geen mens die tong kan tem nie. Dit is nie binne ons eie vermoë om dit reg te kry nie. Wat ons nodig het is 'n Gees vervulde lewe. Kom ons stel ons tonge in God se diens - alles wat mooi en reg is, alles wat rein is, alles wat opbouend is - dit kan van die tong kom. Laat toe dat die Heilige Gees vars water uit jou mond laat borrel. Wees soos 'n vyeboom wat soet vye aan mense uitdeel. Wees iemand wat in die spore van Jesus leef.